https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

# Donald Trump, realisme en die eietydse geopolitiese mimetiese wedywering tussen die VSA en Rusland, asook tussen die VSA en China: ’n ontleding aan die hand van die werk van John Mearsheimer, René Girard en Emmanuel Todd

**Johann Rossouw**

Johann Rossouw, Departement Filosofie en Klassieke, Universiteit van die Vrystaat

***Opsomming***

In hierdie artikel word die navorsingsvraag gestel hoe dit wat René Girard in sy laaste boek, *Achever Clausewitz* (*Battling to the end*) as mimetiese wedywering in die vorm van interstaatlike eskalasie tot die uiterstes beskryf, in vergelyking met die offensiewe realisme van John Mearsheimer aangewend kan word om eietydse geopolitiese wedywering tussen die VSA, Rusland en China te ontleed. Girard en Mearsheimer se onderskeie teoretiese raamwerke, naamlik, onderskeidelik, die mimetiese teorie en die offensiewe realisme, word hiervoor aangewend, terwyl ook aangesluit word by Emmanuel Todd se ontleding van die verbrokkeling van die Christelike kultuur van sekere Westerse lande, en hoe dit in verband gebring kan word met Girard se begrip van die *offerkrisis*. Die metode wat gevolg word, is dié van ’n hermeneutiese stiplees ten einde die raakpunte tussen die twee teoretiese paradigmas met betrekking tot die navorsingsvraag vas te stel, en dit dan toe te pas op mimetiese wedywering tussen die VSA en die ander twee gemelde lande, veral met betrekking tot Rusland en die oorlog in Oekraïne. Die bevindinge is dat:

- Mearsheimer se offensiewe realisme en Girard se laat werk die afgang van die idealismeparadigma en die terugkeer van die realismeparadigma in die eietydse geopolitiek help verklaar
- hul onderskeie begrippe van interstaatlike wedywering wedersyds aanvullend is
- wat Mearsheimer die veiligheidsdilemma noem, ten nouste saamhang met wat Girard in navolging van Clausewitz die eskalasie tot die uiterstes noem

- die Amerikaansgeleide Westerse benadering tot Oekraïne en Rusland tussen die 1990's en 2024 neerkom op 'n voorbeeld van wat Mearsheimer "bal-aangee" (*buck-passing*) noem, sodat Oekraïne tot offerlam en Rusland tot sondebok van die Weste gemaak word
- spanning tussen die VSA en Rusland gaan bly styg, waarin wat Girard chauvinisme en Mearsheimer hipernasionalisme noem, 'n bepalende faktor is.

**Trefwoorde:** bal-aangee; China; geopolitiek; René Girard; idealismeparadigma; Xi Jinping; John Mearsheimer; mimetiese teorie; mimetiese wedywering; Oekraïne; offensiewe realisme; Wladimir Poetin; realismeparadigma; Rusland; Emmanuel Todd; Donald Trump; VSA

## *Abstract*

**Donald Trump, realism and the contemporary geopolitical mimetic rivalry between the USA and Russia, as well as between the USA and China: an analysis with reference to the work of John Mearsheimer, René Girard and Emmanuel Todd**

In this article the research question is asked how that which René Girard, in his last book, *Achever Clausewitz* (*Battling to the end*), describes as mimetic rivalry in the form of interstate escalation to the extremes, can be used in comparison with the offensive realism of John Mearsheimer to analyse contemporary geopolitical rivalry between the USA and Russia, and between the USA and China. Girard and Mearsheimer's respective theoretical frameworks, that is, mimetic theory and offensive realism respectively, are used for this; while use is also made of Emmanuel Todd's analysis of the disintegration of the Christian culture of certain Western countries, and how this can be related to Girard's concept of the *sacrificial crisis*. The method that will be followed is that of a hermeneutical close reading in order to determine the overlaps between the two theoretical paradigms with reference to the research question, and then to apply it to the mimetic rivalry between, respectively, the USA and Russia and the USA and China – especially with reference to Russia and the Ukrainian war.

Besides the introduction the article is divided into four parts. In the first part a brief definition and overview of the idealist paradigm as embodied by the US-led West from the end of World War II to the re-election of Trump at the end of 2024 is given. The historical roots of the idealist paradigm are briefly considered, while its steady rise after World War II and its eventual apex after the end of the Cold War are also briefly discussed. Mention is also made of the relevance of Todd's analysis of the disintegration of Christian culture to help explain the collapse of the idealist paradigm, as well as of Mearsheimer's important point that at the end of the Cold War the USA saw itself as a model to be emulated – something which, of course, overlaps with the emphasis that Girard's mimetic theory places on exactly such models.

In the second part Mearsheimer's theory of offensive realism and his concept of rivalry are discussed. First, the three traditional characteristics of the classical realist paradigm to which Mearsheimer also subscribes are discussed – that states, and especially great powers, are seen as the main actors of international politics; that the behaviour of great powers is shaped by their external environment rather than their internal characteristics; and that realists believe that states' thinking is dominated by calculations of power and rivalry for power. Further to this it is explained that the reason Mearsheimer's theory is called "offensive realism" is that states are always looking for ways to gain power at the expense of their rivals (which dovetails with what Girard calls "mimetic rivalry"). Further light on this mimetic rivalry is shed by Mearsheimer's

invocation of the so-called security dilemma, which is, in turn, echoed by Girard's concept of the escalation to extremes that he originally sourced from Carl Von Clausewitz. Close attention is also paid to Mearsheimer's concept of buck-passing, which is applied later in the article to the Ukrainian war.

In the third part the work of Girard as a realist and how Mearsheimer's conceptual work links up with that of Girard are considered. After explaining why Girard, following Von Clausewitz, may be considered a realist, Girard's expansion of his concept of double mediation and its application to geopolitical mimetic rivalry is considered, with France and Germany the case to which Girard applies this conceptual expansion. It is also argued that this dovetails with what Mearsheimer calls a "dyad of two rivalrous great powers". Next Girard's notions of dedifferentiation and the ensuing sacrificial crisis are also invoked with reference to contemporary geopolitics. This part of the article is closed with a brief discussion of why both Girard and Mearsheimer can be seen as apocalyptic thinkers of contemporary geopolitics.

In the last part, two important and highly consequential cases of current geopolitical mimetic rivalry are considered – that of Russia and the West since the election of Vladimir Putin in 1999 until the election of Donald Trump for a second term in November 2024, and that of China and the US during the same period and beyond. This part starts off with a brief discussion of Emmanuel Todd's analysis of the disintegration of the Christian culture of certain Western countries. This is done in order to argue that this is a case of what Girard refers to as dedifferentiation and an ensuing sacrificial crisis in contemporary geopolitics. This is relevant because it is argued that as a result of the Western sacrificial crisis, and as an example of Mearsheimer's buck-passing, Ukraine has been turned into the West's sacrificial lamb and Russia into its scapegoat. In the first subsection of this part a historical overview of mimetic rivalry between Russia and the West since the days of Peter the Great right up until the present is given. It is shown how in the last 10 to 20 years this rivalry has escalated to the extremes and finally erupted in the form of the Ukrainian war. In the second subsection of this part an overview of growing mimetic rivalry between the USA and China since the early 1980s is given. It is stressed that both Girard and Mearsheimer predicted this rivalry. Brief attention is also paid in this section to the possible personal mimetic rivalry between Trump and Putin, as well as between Trump and Xi Jinping of China.

In conclusion it is argued that in this article the following five findings are made. First, the work of Mearsheimer, Girard and Todd helps to explain the decline of the idealist paradigm and the return of the realist paradigm in contemporary geopolitics – especially against the background of Donald Trump's second term as president and his rather blatant exercising of realism. Secondly, Mearsheimer's and Girard's respective concepts of interstate rivalry complement each other. Thirdly, and in the extension of the latter, the realist tradition and Mearsheimer's concept of the security dilemma is closely related to Girard's concept of the escalation to extremes. Fourthly, the American-led Western approach to Ukraine is an example of Mearsheimer's buck-passing, so that Ukraine – in the language of Girard – is made the sacrificial lamb of the West and Russia its scapegoat. Fifthly, it is speculated that the tension between the USA and Russia, as well as that between the USA and China, will continue to rise – in this Girard's concept of chauvinism and Mearsheimer's concept of hypernationalism will be a determining factor.

**Keywords:** buck-passing; China; geopolitics; René Girard; idealism paradigm; Xi Jinping; John Mearsheimer; mimetic rivalry; mimetic theory; offensive realism; Vladimir Putin; realism paradigm; Russia; Emmanuel Todd; Donald Trump; Ukraine; USA

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

## 1. Inleiding

Binne maande – indien nie weke nie – ná Donald Trump se inhuldiging op 20 Januarie 2025 vir ’n tweede termyn as president van die VSA is daar algemeen geglo of aanvaar dat grootmoondheidspolitiek na die geopolitiek[1] teruggekeer het. Of om dit meer tegnies te stel: Die idealismeparadigma en sy sogenaamde reëlsgebaseerde internasionale orde wat ná die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) tot stand gebring is, word tans deur ’n herlewende realismeparadigma vervang.

Dit is die geval vir die tweede Trump-administrasie, maar dit is reeds veel langer die geval vir ander sleutelspelers wat sedert die ineenstorting van die Sowjetunie in 1991 op die wêreldverhoog na vore getree het, naamlik China, Rusland, Indië en Turkye. Hierdie state is meer onlangs beskryf as sogenaamde beskawingstate[2] – state wat meer as bloot nasiestate is, maar inderwaarheid die draers van ’n spesifieke beskawing, waarvan hul godsdienstige of geestelike tradisie ’n belangrike element is. Vir China is dit die Confucianisme, vir Rusland die Christelike Ortodoksie, vir Indië die Hindoeïsme, en vir Turkye die Islam.

Gegewe Trump se verklarings in sy inhuldigingstoespraak dat “America is the greatest civilization the world has even seen” en dat die VSA “one nation under God” is, wil dit voorkom asof die Trump-administrasie die VSA ook nou as ’n beskawingstaat gerig deur ’n Christelike nasionalisme beskou – en nie langer as die wêreldhegemoon waarvan neokonserwatiewes gedroom het in opeenvolgende Amerikaanse presidensiële administrasies vanaf dié van George Bush senior (1989–1993) tot dié van Joe Biden (2021–2025). In die woorde van die groot eietydse Franse politieke filosoof Pierre Manent (1949–) is die Trump-beweging “’n opstand van die Amerikaanse nasie teen die Amerikaanse ryk”.[3] Dit geskied alles teen die agtergrond van die voortslepende oorlog tussen Rusland en Oekraïne asook die voortgaande gestoei om ’n plek in die geopolitiek tussen die bovermelde state, waarin die toenemende wedywering tussen die VSA en China vir die afsienbare toekoms na die belangrikste lyk.

Die herlewing van realisme in die geopolitiek is gedurende die eerste dekade van die 21ste eeu deur twee van die invloedrykste eietydse denkers geteoretiseer. In 2003 publiseer stellig die grootste lewende eksponent van die realisme, John J. Mearsheimer,[4] sy magnum opus, *The tragedy of great power politics*, wat in 2014 bygewerk is met ’n belangrike hoofstuk wat die opkoms van China en dié se wedywering met die VSA behandel. Vier jaar na die verskyning van Mearsheimer se boek brei René Girard in 2007 die skopus van sy mimetiese teorie vanaf die sosiale en die intersubjektiewe uit na die geopolitiek in sy laaste vername boek, *Achever Clausewitz* (in 2010 in Engels vertaal as *Battling to the end*). Wat opval omtrent ’n vergelykende lesing van dié twee boeke, is dat albei meer internasionale konflik voorspel het, en dat wedywering tussen groot moondhede die motor van sodanige konflik sal wees. Sover bekend is Mearsheimer en Girard se ontledings nog nie vergelykend gelees nie. Dit is wat in hierdie artikel gedoen word ten einde te poog om insig te verwerf in die massiewe verskuiwings in die geopolitiek wat tans onderweg is – veral met betrekking tot die VSA, die Weste, Rusland en China.

In hierdie artikel word die navorsingsvraag gestel hoe dit wat René Girard in *Achever Clausewitz* as mimetiese wedywering in die vorm van interstaatlike eskalasie tot die uiterstes beskryf, in vergelyking met die offensiewe realisme van John Mearsheimer aangewend kan word om eietydse geopolitiese wedywering tussen die VSA, Rusland en China te ontleed. Girard en Mearsheimer se onderskeie teoretiese raamwerke, naamlik, onderskeidelik, die mimetiese teorie

en die offensiewe realisme, word hiervoor aangewend, terwyl ook aangesluit word by Emmanuel Todd se ontleding van die verbrokkeling van die Christelike kultuur van sekere Westerse lande en hoe dit in verband gebring kan word met Girard se begrip van die *offerkrisis*. Die metode wat gevolg word, is dié van ’n hermeneutiese stiplees ten einde die raakpunte tussen die twee teoretiese paradigmas met betrekking tot die navorsingsvraag vas te stel, en dit dan toe te pas op mimetiese wedywering tussen die VSA, Rusland en China, veral met betrekking tot Rusland en die oorlog in Oekraïne. Gevolglik sal in die res van hierdie artikel soos volg te werk gegaan word.

Eerstens sal ’n bondige omskrywing en oorsig van die idealismeparadigma soos beliggaam deur die Amerikaansgeleide Weste vanaf die einde van die Tweede Wêreldoorlog tot die herverkiesing van Trump aan die einde van 2024 gegee word. Tweedens sal Mearsheimer se teorie van offensiewe realisme en sy begrip van wedywering bespreek word. Derdens sal Girard as realis en hoe Mearsheimer se konseptuele werk met dié van Girard skakel, oorweeg word. In die slotafdeling sal twee belangrike en verreikende gevalle van eietydse geopolitiese wedywering oorweeg word – in ’n meerdere mate dié van Rusland en die Weste sedert Wladimir Poetin se verkiesing tot Russiese president in Mei 2000 tot die eerste maande van Trump se tweede termyn in die eerste helfte van 2025, en in ’n mindere mate dié van China en die VSA gedurende dieselfde tydvak en daarna.

## 2. Die idealismeparadigma

Waarskynlik was die eerste vername moderne Westerse denker wat die kernidee van die idealismeparadigma geteoretiseer het, naamlik dié van ’n vreedsame wêreldorde waar die verhoudings tussen state nie deur oorlog nie maar deur handel bepaal word, Immanuel Kant in sy kort 1795-verhandeling oor ewigdurende vrede, *Zum ewigen Freden* (in Engels *Perpetual peace*). Volgens Girard (2007:152; 2010:81) is die militêre teoretikus Carl von Clausewitz (1780–1831) as ’n tydgenoot van G.W.F. Hegel (1770–1831) self ook deur die rasionalisme van die Duitse Verligting gevorm, maar aangesien Clausewitz mimetiese wedywering so ernstig opgeneem het, het dit hom reeds in sy tyd na anderkant die rasionalisme van die Duitse Verligting en die ideaal van ’n vreedsame wêreldorde geneem.

Mearsheimer (2014a:15) spoor ook die idealismeparadigma terug na die Duitse Verligting. Hy skryf:

> Die liberale tradisie is verwortel in die Verligting, oftewel die tydvak in die 18de-eeuse Europa toe intellektuele en politieke leiers ’n kragtige sin had dat die rede ingespan kan word om van die wêreld ’n beter plek te maak. Liberale is in ooreenstemming hiermee geneig om hoopvol te wees oor vooruitsigte om die wêreld veiliger en vreedsamer te maak. Die meeste liberale glo dit is moontlik om die plaag van oorlog wesenlik te bekamp en internasionale welvaart te vermeerder. Dít is hoekom liberale teorieë soms as “utopies” of “idealisties” beskryf word.[5]

Die ineenstorting van die Sowjetunie vind plaas kort voor die verkiesing van die Amerikaanse president wie se twee ampstermyne van 1993 tot 2001 die kruin van Amerikaanse vertroue in die idealismeparadigma verteenwoordig, naamlik Bill Clinton.[6] In sy beoordeling hiervan wys Mearsheimer op die moralistiese ondertone wat destyds in Amerikaanse buitelandse beleid voorgekom het en hoe die VSA gevolglik met sy droom om die wêreldhegemoon te word, in Girardiaanse terme inderwaarheid besig was om daarvan te droom om dié nabootsenswaardige

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

geopolitiese model onder modelle te word. Mearsheimer verklaar dat liberale teoretici geneig is om liberaal-demokratiese state met markekonomieë as goeie state te kategoriseer; Amerikaners hou hiervan, want dit beeld die VSA uit as ’n welwillende krag in die wêreldpolitiek. Op sy beurt het hierdie siening met die val van die Sowjetunie bygedra tot die euforiese verwagting dat state wat nog nie liberale demokrasieë met markekonomieë is nie, mettertyd die voorbeeld van die VSA sou navolg:

> Dié optimisme was grootliks gebaseer op die oortuiging dat demokratiese Amerika [sic] ’n deugsame staat is. Indien ander state dus die Verenigde State sou *naboots* (“emulate”), sou die wêreld deur goeie state bevolk word, en dié verwikkeling sou nie anders kon as om die einde van internasionale konflik te beteken nie. (Mearsheimer 2014a:25; my klem)

In navolging van Emmanuel Todd in sy wydbespreekte 2024-boek *La défaite de l’Occident* (“Die ontbinding van die Weste”),[7] moet op die religieuse onderbou van die idealismeparadigma en die sogenaamde reëlsgebaseerde orde tussen 1945 en 2024 gewys word. Todd maak groot gewag van Max Weber se tese van die Protestantisme as die motor van die opkoms van die Weste vanaf 1600, asook van hoe, volgens Todd, die Protestantse idee van uitverkorenheid gesekulariseer is in die geloof in ’n besondere beskawingsbestemming; en van hoe dít begin vervaag het in die loop van die laaste 10 tot 20 jaar namate die Protestantse en/of Christelike kultuur van die VSA, die Verenigde Koninkryk (VK), Frankryk en Duitsland feitlik geheel en al verbrokkel het.

Dit wil ook voorkom asof die omarming van die begrip *spiritualiteit* ten koste van die begrip *religie* in hierdie lande in die loop van die afgelope drie tot vier dekades nie slegs saamval met die verbrokkeling van hierdie lande se Protestantse en/of Christelike kultuur nie, maar ook dat die vakuum van selfvertroue in die eie beskawing wat dit in die geval van die VSA gelaat het, tentatief gevul is deur die neokonserwatiewe beweging wat so belangrik was in Amerikaanse buitelandse beleid vanaf ongeveer 1990 tot 2024 – nadat die beweerde vanselfsprekende oortuigendheid van die vryemark en die liberale demokrasie nie ná die ineenstorting van die Sowjetunie wêreldwyd gemanifesteer het nie, het die neokonserwatiewes oorgegaan tot ’n aggressiewe poging om die vryemark en die liberale demokrasie in die Midde-Ooste asook in Middel- en Oos-Europa te probeer vestig. Die gestadigde ooswaartse uitbreiding van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (Navo) wat op die groeiende konflik met Rusland uitgeloop het, was ook deel hiervan, en word hier onder in die vierde afdeling verder behandel.

Die opkoms van die neokonserwatiewes as die laaste en aggressiefste fase van die era waarin die idealisme oorheers het, val saam met Girard se eie eksplisiete omarming van die realismeparadigma in die geopolitiek, te wete ná die terreuraanvalle van 11 September 2001.

Na bostaande bondige bespreking van die idealismeparadigma word vervolgens in afdeling 3 stilgestaan by Mearsheimer en die offensiewe realisme.

## 3. Mearsheimer en die offensiewe realisme

In die sin dat die realisme menslike tekortkominge, die mislukking van selfs ons beste planne, en die immer teenwoordige dreigement van geweld ernstig opneem, vertoon die realismeparadigma ’n fyn sin vir die tragiese en die noodlot. Dit is reeds ooglopend in die lewe en era van die grondlegger van die realisme in die moderne Westerse politieke denke, Niccolò Machiavelli (1469–1527), wie se eie lewe, asook sy geliefde klein republiek, Florence,

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

gestempel was deur verlies en tragedie teen die agtergrond van die geboorte van die staatsgebaseerde geopolitiese bestel waarin ons steeds vandag leef, soos hy dit bedink het in *Die prins* (1513). Dit is in hierdie sin dat Mearsheimer en Girard – laasgenoemde veral in *Achever Clausewitz* – ook tragiese denkers is. Mearsheimer (2014a:17) begin byvoorbeeld sy bespreking van die realisme in teenstelling met die idealisme soos volg:

> In teenstelling met liberale is realiste pessimiste wanneer dit by die internasionale politiek kom. Realiste stem saam dat om ’n vreedsame wêreld tot stand te bring, nastrewenswaardig is, maar hulle sien geen maklike uitweg om aan die harde wêreld van veiligheidswedywering en oorlog te ontkom nie. Om ’n vreedsame wêreld tot stand te bring is gewis ’n aantreklike idee, maar nie ’n praktiese een nie.

Mearsheimer vervolg dan deur die drie kernoortuigings van die realiste op te som. Eerstens word state as die hoofakteurs in die wêreldpolitiek beskou, met besondere fokus op groot moondhede, omdat dié die internasionale politiek oorheers en ook die meeste dodelike oorloë veroorsaak. Tweedens glo realiste dat die gedrag van groot moondhede eerder deur hul eksterne omgewing as hul interne kenmerke beïnvloed word. Derdens huldig realiste die siening dat state se denke deur magsberekeninge oorheers word, en onderling om mag wedywer.

Oor dié wedywering brei Mearsheimer uit (17–8):

> Dié wedywering noodsaak dit soms om oorlog te maak, wat as ’n aanvaarbare instrument van die staatskuns (“statecraft”) beskou word. Om die 19de-eeuse militêre strateeg Carl von Clausewitz aan te haal: Oorlog is die voortsetting van die politiek deur ander middele. Ten slotte word dié wedywering deur ’n nulsomkwaliteit (“zero sum quality”) gekenmerk, wat dit soms intens en meedoënloos maak. State mag soms met mekaar saamwerk, maar ten diepste het hulle botsende belange.

In die volgende afdeling word teruggekeer na Girard en Clausewitz, maar daar kan nou reeds op gewys word dat Mearsheimer Clausewitz identifiseer as ’n eksponent van die realisme, terwyl dit ook in die volgende afdeling sal blyk dat wat Mearsheimer hier as ’n “nulsomeienskap” van interstaatlike wedywering beskryf, dit is wat Girard die eskalering tot uiterstes noem.

Soos reeds hier bo genoem, staan Mearsheimer se teorie van realisme spesifiek bekend as offensiewe realisme. Mearsheimer verduidelik waarom dit so genoem word, wat dit terselfdertyd duidelik maak dat grootmoondheidswedywering sentraal tot sy teorie staan, soos dit ook sentraal staan tot Girard se lesing van Clausewitz en die moderne geopolitiek:

> Offensiewe realiste [...] glo dat status quo-moondhede selde in die wêreldpolitiek voorkom, omdat die internasionale stelsel kragtige insentiewe skep vir state om te soek na geleenthede om mag ten koste van hul mededingers te bekom en om voordeel te trek uit sodanige situasies wanneer die voordele swaarder as die kostes weeg. (21)

Die kernaanspraak in dié aanhaling – dat state soek na geleenthede om mag ten koste van hul mededingers te bekom – is dit waarna Girard verwys met sy begrip *mimetiese wedywering*, naamlik wanneer die model wat ek naboots, tegelyk ’n hindernis word wat staan in die pad van dit wat ek begeer, en soos hy dit toepas op die moderne geopolitiek in *Achever Clausewitz*. Volgens Girard se mimetiese teorie begeer ek dít wat my model begeer, en terwyl wat presies die voorwerp van my begeerte is, sal verskil tussen verskillende modelle en hul begerende

subjekte, is ’n deel van dit wat een staat tot die mimetiese model vir ’n ander staat maak, die mag van die model is – swak state word immers nooit in die geopolitiek nageboots nie. Hierdie begeerte vir die nabootsing van ’n ander magtige staat, hierdie geopolitiese wedywering, word uitgesonder in Mearsheimer se teorie wanneer hy verduidelik waarom die wedywering om te oorheers eindeloos is of, in Girardiaanse terme, telkens onvermydelik sal lei tot ’n eskalasie tot uiterstes. Mearsheimer skryf dit toe aan die feit dat state volgens hom mekaar vrees en altyd met mekaar om mag wedywer. In die geval van groot moondhede wat met mekaar wedywer, gaan dit nog ’n stappie verder, naamlik dat hulle daarna streef om die oorheersende en enigste groot moondheid in die stelsel te wees. Dit is juis omdat status quo-moondhede nie in die internasionale stelsel voorkom nie dat eskalerende wedywering haas onvermydelik is:

> Daar is geen status quo-moondhede in die internasionale stelsel nie, buiten vir die hegemoon wat per geleentheid sy posisie van oorheersing oor potensiële mededingers wil behou. Groot moondhede is selde tevrede met die huidige verspreiding van mag; inteendeel, hulle staar ’n konstante insentief in die gesig om dit in hul guns te verander. (2014a:2)

Nadat hy daarop wys dat ’n sleutelfaktor in interstaatlike verhoudinge is dat state nooit seker kan wees van ander state se bedoelings nie, verwys Mearsheimer voorts na die invloedryke internasionale-verhoudinge-begrip van die sogenaamde veiligheidsdilemma, wat verdere lig werp op wat Girard die eskalasie tot uiterstes noem:

> Die “veiligheidsdilemma”, wat een van die bekendste begrippe in die internasionale-verhoudinge-literatuur is, weerspieël die basiese logika van die offensiewe realisme. Die wese van die dilemma is dat die stappe wat ’n staat doen om sy veiligheid te verskerp, gewoonlik die veiligheid van ander state ondermyn. Dit is dus moeilik vir ’n staat om sy eie kanse op oorlewing te verhoog sonder om die oorlewing van ander state te bedreig. (2014a:35–6)

Mearsheimer gee ’n verdere nuanse aan interstaatlike mimetiese wedywering – soos Girard die geval van twee Europese groot moondhede (Frankryk en Duitsland) gebruik het om die moderne eskalasie tot uiterstes te ondersoek, is Mearsheimer se offensiewe realisme ook beperk tot die groot moondhede, vir wie die status van ’n hegemoon die grootste prys is. Indien ’n staat sodanige status verwerf, word dit ’n status quo-moondheid. Met *hegemonie* bedoel Mearsheimer dat ’n staat so magtig word dat geen ander state oor die militêre vermoë beskik om dit uit te daag nie en dat dit dus die enigste groot moondheid in die stelsel is. Hy voeg die volgende belangrike kwalifikasie by oor wat meesal die werklike situasie in die geopolitiek is: “’n Staat wat wesenlik magtiger as die ander groot moondhede in die stelsel is, is nie ’n hegemoon nie, omdat dit per definisie ander groot moondhede trotseer” (2014a:40).

Mearsheimer wys verder daarop dat weens die onwaarskynlikheid dat een staat totale kern-wapenoorheersing sal bereik, en weens die feit dat water in die gedaante van die wêreld se oseane ’n onoorkomelike perk plaas op die mate waartoe state hulle mag wêreldwyd kan projekteer, is dit onwaarskynlik dat enige staat ’n wêreldhegemoon kan word. Dit is waarom state eerder daarna streef om streekshegemone te word, wat hulle onmiddellik in ’n staat van wedywering met ander magtige state in die streek plaas (41), soos dit trouens die geval was met Duitsland en Frankryk soos deur Girard ontleed. Wat gevestigde streekshegemone betref, wys Mearsheimer daarop dat nog ’n rede waarom die spanning tussen hulle tot die uiterstes mag eskaleer, die feit is dat hulle in die versoeking sal kom om in mekaar se streke van

oorheersing in te meng – met die onvermydelike gevolg dat hulle met nog meer militêre opbou en ekonomiese wedywering op mekaar sal reageer.

Uit ’n Girardiaanse perspektief is die voorwerp van begeerte altyd ’n belangrike instrument om ’n spesifieke geval van mimetiese wedywering te begryp. Dit is reeds gemeld dat Mearsheimer mag as ’n sleutelvoorwerp van begeerte in die grootmoondheidswedywering identifiseer, wat natuurlik die vraag laat ontstaan hoe hy *mag* omskryf. Hy onderskei tussen potensiële en werklike (“actual”) mag. ’n Staat se potensiële mag berus op die grootte van sy bevolking en sy welvaart. Welvarende mededingers met groot bevolkings kan gewoonlik ’n groot weermag opbou. Laasgenoemde is belangrik vir die werklike mag van ’n staat, omdat dit grotendeels is waarop die werklike mag van ’n staat berus, en wel omdat ’n leër die vernaamste instrument vir die verowering en beheer van gebied is, wat natuurlik die vernaamste politieke oogmerk in ’n wêreld van territoriale state bly (2014a:43).

In Mearsheimer se verdere ontleding van mag word dit duidelik waarom die wedywering om mag tussen mededingers die eskalering tot uiterstes in die hand werk. Volgens hom is die strategie wat grootmoondheidsmededingers dikwels in hulle wedywering volg, om teen mekaar te balanseer, dit wil sê om ’n magsimmetrie tussen die twee mededingers te bereik. Onder ’n bipolêre stelsel soos dié wat tydens die Koue Oorlog bestaan het, het die VSA en die Sowjet-unie grootliks aan konflik met mekaar ontkom as gevolg van die feit dat die twee moondhede suksesvol teen mekaar gebalanseer het. Dit is egter ’n ander saak in die geopolitiese toestand waarin ons ons tans bevind, waar drie groot moondhede met mekaar meeding, naamlik die VSA, China en Rusland. Mearsheimer noem dié toestand een van ongebalanseerde multi-polariteit (44). In so ’n toestand kan ’n ernstige opbou van militêre vermoë voorspel word, en dit is dié eskalering tot uiterstes wat tans die groeiende spanning tussen die twee vernaamste geopolitiese mededingers, naamlik die VSA en China, kenmerk.

Mearsheimer lê uit waarom dit gebeur:

> Wanneer ’n staat sy omgewing in oënskou neem, fokus dit hoofsaaklik op die offensiewe vermoëns van potensiële mededingers pleks van op hul voornemens. Soos vroeër beklem-toon, is voornemens einde ten laaste onkenbaar, dus moet state wat oor hul oorlewing besorg is, die ergste moontlike aanname oor die voornemens van hul mededingers maak. Vermoëns kan egter nie slegs gemeet word nie, maar bepaal ook of ’n staatsmededinger ’n ernstige bedreiging is. Kortom, groot moondhede balanseer teen vermoëns pleks van voornemens. (2014a:45)

Ter afsluiting van hierdie bespreking van Mearsheimer se teorie moet op drie laaste aspekte daarvan wat vir hierdie artikel tersaaklik is, gewys word.

Die eerste is die feit dat Mearsheimer in navolging van die breër realismetradisie – en belyn met hoe Girard Clausewitz lees – wys op die rol van nabootsing tussen geopolitiese mede-dingers. Mearsheimer verklaar dat hy sy teorie in verband bring met

> die welbekende realistiese argument dat die nabootsing van die suksesvolle praktyke van mededingende groot moondhede ’n belangrike gevolg van veiligheidswedywering is. Terwyl ek die basiese punt as korrek erken, betoog ek dat nabootsing gewoonlik te eng omskryf word, deur te fokus op na-apende defensiewe maar nie ook offensiewe gedrag nie. Bowendien is groot moondhede ook oor vernuwing besorg, wat dikwels daarop neerkom om slim maniere te vind om meer mag ten koste van mededingerstate te bekom. (2014a:140)

Met ander woorde, Mearsheimer is dit met Girard eens in laasgenoemde se ontleding van Frankryk en Duitsland as ’n gevallestudie van geopolitiese mimetiese wedywering dat die nabootsing van die mededinger in ’n wyer sin begryp moet word, en dit is ook waarom Girard tot die gevolgtrekking kom dat ons hier te make het met die eskalering tot uiterstes.

Die tweede aspek van Mearsheimer se teorie is sy punt oor die betreklike geopolitiese stabiliteit wat voorgekom het tussen die einde van die Tweede Wêreldoorlog en die ineenstorting van die Sowjetunie. In wese betoog Mearsheimer dat terwyl eksponente van die idealismeparadigma dít sal voorhou as ’n voorbeeld van waarom ons moet vashou aan wat hulle die reëlsgebaseerde orde noem, was hierdie betreklike stabiliteit eerder die gevolg van die suksesvolle balansering van die VSA en die Sowjetunie soos deur offensiewe realisme voorspel. Mearsheimer verduidelik dat dit die geval is omdat die spesifieke internasionale orde op enige gegewe tydstip hoofsaaklik ’n neweproduk van die gedrag van die stelsel se groot moondhede is – oftewel ’n onbedoelde gevolg van grootmoondheidswedywering eerder as die gevolg van state wat saam optree om vrede te bewerkstellig. Die betreklike vrede wat byvoorbeeld tydens die Koue Oorlog geheers het, “was die onbeplande gevolg van intense veiligheidswedywering tussen die groot moondhede [die VSA en die Sowjetunie]” (2014a:49).

Met ander woorde, en in Girardiaanse terme, was die sogenaamde reëlsgebaseerde orde nie die uitkoms van niewedywerende interstaatlike samewerking nie, maar die onbedoelde gevolg van die intense mimetiese wedywering tussen die VSA en die Sowjetunie.

Die derde aspek van Mearsheimer se teorie wat laastens ter afsluiting van hierdie afdeling opgehaal moet word, en wat ter sake vir onderstaande bespreking van die oorlog in Oekraïne is, is een van die strategieë wat groot moondhede syns insiens inspan vir oorlewing, naamlik wat hy bal-aangee[8] (“buck-passing”) noem. Hy omskryf dit soos volg:

> Bal-aangee is ’n bedreigde groot moondheid se vernaamste alternatief tot balansering. ’n Bal-aangeër poog om ’n ander staat die las te laat dra om ’n aggressor af te skrik of selfs moontlik teen te veg, terwyl dit self op die kantlyn bly. Die bal-aangeër erken die noodsaak om die aggressor te verhoed om sy aandeel aan wêreldmag te verhoog, maar dit is op soek na ’n ander staat wat deur die aggressor bedreig word, om dié sware taak te verrig. (2014a:157–8)

Soos in die slotafdeling hier onder aangevoer sal word in ’n poging om die eietydse geopolitiese mimetiese wedywering te ontsyfer, is dít in wese wat die Amerikaansgeleide Weste gedoen het met sy een groot mededinger, naamlik Rusland, en wel met betrekking tot Oekraïne. Vir eers word egter nou in afdeling 4 stilgestaan by Girard as realis en aangedui hoe sy werk in *Achever Clausewitz* Mearsheimer se teorie van offensiewe realisme komplementeer.

## 4. René Girard as realis

As weerklank van Mearsheimer se klem op geweld, wedywering en nabootsing in die moderne geopolitiek, skryf Girard in die inleiding van *Achever Clausewitz* met verwysing na Clausewitz en die Berlynse instelling waar hy sy boek *Oor oorlog* geskryf het:

> Hierdie wet van menseverhoudinge is herformuleer in ’n kantoor in die Berlynse Militêre Akademie, ’n paar jaar ná die val van Napoleon: Dit gaan om die “eskalering tot uiterstes”, daardie onvermoë van die politiek om die wedersydse, oftewel mimetiese toename van geweld te bekamp. (2011:12; 2010:xi)[9]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

In dieselfde paragraaf verduidelik Girard (13; xi) voorts waarom hy Clausewitz lees as 'n bondgenoot in die uitbreiding van mimetiese teorie na die geopolitiek – met al die kommerwekkende implikasies wat dit vir ons tyd het:

> Clausewitz se nadoodse verhandeling, "Oor oorlog", word voorgehou as 'n werk oor strategie. Dit hang saam met die destydse mees onlangse eskalasie tot uiterstes wat gebeur het en altyd gebeur sonder dat die betrokkenes dit besef – wat Europa vernietig het en vandag die wêreld bedreig.[10]

Let daarop dat Girard daarop wys dat die eskalasie tot uiterstes – in dié geval dié van Frankryk en Duitsland – "gebeur het [...] sonder dat die betrokkenes dit besef". Dit sluit netjies aan by wat Mearsheimer en die realiste die veiligheidsdilemma noem, waarvolgens dit wat een staat as defensiewe gedrag beskou – byvoorbeeld om sy militêre vermoëns te verhoog – deur sy mededinger beskou word as offensiewe gedrag, wat laasgenoemde op sy beurt daartoe beweeg om sy eie militêre vermoëns te verhoog en sodoende 'n eskalasie tot uiterstes te ontketen.

Mearsheimer verskaf 'n eietydse voorbeeld hiervan in die wedywering tussen die VSA en China wanneer hy skryf:

> Wanneer die Verenigde State vliegdekskepe na aan die Taiwanstraat plaas – soos dit in 1996 gemaak het – of wanneer dit duikbote na die westelike Stille Oseaan herontplooi, glo Amerikaanse leiers opreg dat hierdie skuiwe defensief van aard is. China, daarenteen, beskou dit as 'n offensiewe strategie van omsingeling en nie as deel van 'n defensiewe strategie van inperking ("containment") nie. Dit is dus geen verrassing nie dat *The Economist* in 2009 berig het: "'n Afgetrede Chinese admiraal het die Amerikaanse vloot vergelyk met 'n man met 'n misdaadrekord 'wat net buite die hek van 'n gesinswoning ronddrentel'." (2014a:382)

Wat die eskalasie tot uiterstes betref, herinner Girard sy leser daaraan dat Clausewitz 'n tweegeveg omskryf as 'n eskalasie tot uiterstes – en aangesien oorlog in die eerste plek twee protagoniste betrek, moet oorlog verstaan word as 'n tweegeveg op 'n groter skaal as bloot 'n konflik tussen twee individue, oftewel as 'n tweegeveg tussen mededingende state. Dít help Girard op sy beurt om sy begrip van mimetiese wedywering uit te brei van die intersubjektiewe en die sosiale na die geopolitiese vlak.

In reaksie op 'n vraag wat Benoît Chantre hom vra oor die ooreenkoms tussen Clausewitz se begrip van wederkerige handeling tussen twee mededingende state en dit wat Girard in sy vroeër werk dubbele bemiddeling noem, maak Girard dit duidelik hoe belangrik die realis Clausewitz vir hom is:

> BC: Kan ons nie dus dan sê dat indien die politiek altyd op die hakke van oorlog is, ons wederkerige handeling moet bedink *as dit wat tegelykertyd die eskalasie tot uiterstes ontketen én dit uitstel*? Word die mimetiese beginsel, die nabootsing van die model wat op sy beurt nabootser word en sodoende 'n verhewigde konflik van twee mededingers meebring, die wederkerige handeling wat u in u boeke dubbele bemiddeling noem – word dit nie hier as die selfstandige motor van die geskiedenis omskryf nie?
>
> RG: U is reg as u die wederkerige handeling met die mimetiese beginsel identifiseer. Gewelddadige nabootsing *wat mededingers al hoe meer na mekaar laat lyk*, is aan die wortel van alle mites en kulture. Dit is dus die beginsel wat Clausewitz weer sien verskyn het. Die implikasies van hierdie opmerking is enorm.[11] (40; 10; sy beklemtoning)

Dit is dié gewelddadige nabootsing, wat teenstanders al hoe meer dieselfde laat lyk, wat volgens Girard die worteloorsprong van moderne oorloë is; hierna sal in die slotafdeling teruggekeer word wanneer die wedywering tussen die VSA, China en Rusland bespreek word. Vir eers moet hier op gewys word dat Girard hierdie geopolitiese verskynsel en dié se verband met moderne konflikte verbind aan die begrip wat hy so briljant ontwikkel in *Violence and religion* (1972), waarvolgens dit nie verskil (*différence*) is nie, maar ooreenkoms (*similitude*) wat ten grondslag van konflik lê. Girard beskryf die geleidelike verlies aan verskil as dedifferensiasie en verbind dit dan aan wat hy die offerkrisis wat tot die kollektiewe moord op ’n onskuldige slagoffer gemaak tot sondebok, noem. Hy trek dié verband in *Achever Clausewitz* soos volg (40; 10):

> Mimetiese teorie weerspreek die tese van selfstandigheid. Dit neig om selfs die moontlikheid tot introspeksie te relativeer: Om inwaarts in jouself te gaan, is om altyd die ander te vind – die bemiddelaar, die een wat my begeertes rig sonder dat ek daarvan bewus is. Wanneer dit dus gaan om militêre reflekse en interaksie tussen twee opponerende weermagte, werk sulke gereedskap goed! Met betrekking tot “totale oorlog” en die totalitêre regimes van die 20ste eeu, het ons gepraat oor ’n “militarisering van die burgerlike lewe” – dit is ’n verskriklike werklikheid en dit bewys dat iets heeltemal nuuts plaasgevind het. Die Napoleontiese Oorloë was die skokoorsaak wat hierdie verandering van die Europese samelewings veroorsaak het. Ek dink selfs dat dié militarisering een van die faktore is van die huidige voltrekkende dedifferensiasie met dié dat gereguleerde, gekodeerde konflikte nou agtergelaat is.[12]

Dit eggo weer eens die realistiese begrip van die veiligheidsdilemma, maar soos in die slotafdeling aangevoer sal word, is die rol van die bemiddelaar as spieël van die self ook van groot belang in die wedywering tussen die VSA, China en Rusland, waar die VSA en Rusland, of die VSA en China, dikwels mekaar dieselfde beskuldiging toeswaai, byvoorbeeld “Dis nie ons nie, maar julle wat die spanning tussen ons laat eskaleer.” Dit kan moontlik ook aangevoer word dat die sogenaamde reëlsgebaseerde orde ’n poging was tot ’n eietydse vernuwing van die pre-Napoleontiese gereguleerde, gekodeerde konflikte waarna Girard hier verwys, en wat syns insiens juis weens moderne geopolitiese dedifferensiasie misluk het. Girard verskaf ’n verdere belangrike nuanse in sy ontleding van wederkerige handeling as dedifferensiasie. Hy verklaar:

> Dus omskryf ek wederkerigheid as die somtotaal van niewederkerige oomblikke – dit kan slegs met ’n blik van buite die konflik raakgesien word, want *van binne die konflik moet jy altyd aan jou verskil glo* en al hoe vinniger en kragtiger reageer. Met die blik van buite lyk die teenstanders na dit wat hulle is, naamlik eenvoudige ewebeelde van mekaar. Dít is wanneer oorlog belyn is met sy begrip, naamlik *’n eenheid verwesenlik tussen afwisseling en wederkerigheid* – ’n versnelde ossillering van verskille, ’n soort oorgang tot abstraksie.[13] (47; 14; sy beklemtoning)

In Mearsheimer se teorie word hierdie verhouding tussen twee mededingers beskryf met die begrip van ’n *diade*(tweetal/paar; *dyad*), en aangesien daar verskeie sodanige diades is (as gevolg van dit wat Girard verskeie mimetiese mededingers noem) in die huidige toestand van onstabiele multipolariteit is, word oorlog waarskynliker. Mearsheimer skryf: “War is more likely in multipolarity than bipolarity [...] [The first reason is that] there are more opportunities for war, because there are more potential conflict dyads in a multipolar system” (338).

Girard is ook baie duidelik oor die feit dat wederkerige handeling as mimetiese wedywering in die moderne geopolitiek saamhang met die offerkrisis. Hy verklaar:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

> Wederkerige handeling kan dus tegelykertyd ’n bron van dedifferensiasie én skepper van verskille wees, sowel oorlog- as vredemaker. Indien dit die eskalering tot uiterstes *teweegbring en versnel*, verdwyn die “wrywing” eie aan tyd en ruimte, en stem dit op ’n vreemde manier ooreen met dit wat ek in my benadering tot argaïese samelewings die “offerkrisis” noem. Wanneer, daarenteen, wederkerige handeling die eskalasie tot uiterstes *uitstel*, mik dit daarop om betekenis en nuwe verskille voort te bring. Dog, om dit nou nog ’n keer te sê en om redes wat ek tallose kere in my boeke probeer verduidelik het, geskied alles vandag asof gewelddadige nabootsing die botoon voer – nie langer die nabootsing wat die gang van sake vertraag of rem nie, maar inderdaad die een wat dit versnel.[14] (45; 13; sy beklemtoning)

Dit is merkwaardig hoe Mearsheimer in navolging van ’n ander realis, Kenneth Waltz, dieselfde verskynsel met betrekking tot die veiligheidsdilemma feitlik in Girardiaanse terme beskryf. Dit is ’n langerige aanhaling, maar ter wille van die besonderhede wat dit bevat, word dit so behou:

> Kenneth Waltz het die argument dat veiligheidswedywering groot moondhede daartoe dryf om die suksesvolle praktyke van hul opponente na te boots, beroemd gemaak. Hy voer aan dat state gesosialiseer word om te “konformeer tot algemene internasionale praktyke”. Hulle het inderdaad geen keuse in die saak nie indien hulle in die losgemaal van die wêreldpolitiek wil oorleef. “Die nabye newestelling van state bevorder *hul eendersheid* (‘sameness’) deur die nadele wat voortspruit uit die mislukking om tot die suksesvolle praktyke te konformeer.” Waltz verbind hierdie begrip van nabootsing met balanseringsgedrag: State, hou hy vol, leer dat hulle opponente wat dreig om die magsbalans te ontwrig, moet teëhou. (2014a:166; my beklemtoning)

Mearsheimer wys daarop dat terwyl Waltz dink dat dié soort dedifferensiasie in die gedaante van balansering tussen state tot ’n magsbalans lei, Waltz egter in gebreke bly om te sien dat state nie slegs die defensiewe gedrag van hul mededingers naboots nie, maar óók hul offensiewe gedrag – wat klop met Girard en Clausewitz se siening van die eskalering tot uiterstes.

Soos Mearsheimer (2014a:166–7) dit stel:

> State maak nie slegs suksesvolle balansgedrag na nie, maar boots ook suksesvolle aggressie na [...]
>
> Bowendien boots groot moondhede nie slegs mekaar se suksesvolle praktyke na nie, maar plaas hulle ook ’n prys op vernuwing. State soek na nuwe maniere om ’n voordeel bo hul teenstanders te behaal deur nuwe wapens te ontwikkel, deur vernuwende militêre leerstellings of deur slim strategieë. State wat op onverwagse wyse handel, bekom dikwels beduidende voordele en dit is waarom state so besorg is oor strategiese verrassings.

Ter afsluiting van hierdie afdeling moet daarop gewys word dat terwyl Girard – soos Mearsheimer – ’n groeiende eietydse waarskynlikheid van oorlog sien, Girard verder as Mearsheimer gaan deur dit te verbind aan ’n soort veralgemeende globale geweld wat hy aan die apokalips verbind:

> Ideologiese oorloë het vandag minder drakrag, want ons probeer nie regtig meer om geweld te regverdig nie: Om dit nog ’n maal te beklemtoon – ideologiese oorloë was bloot ’n fase in die verskyning van ’n wêreldwye beginsel van wederkerigheid. Dit is

> in hierdie volledige onvoorspelbaarheid van geweld dat ons dít kan waarneem wat ek die einde van oorlog noem, en wat die ander naam vir die apokalips is. Ons is baie ver van die "einde van die geskiedenis" aangekondig deur [Francis] Fukuyama, die laaste afstammeling van die Hegeliaanse optimisme.[15] (88; 40)

Tot dusver is gepoog om aan te toon hoe Girard se uitbreiding van mimetiese teorie tot die moderne en eietydse geopolitiek, en Mearsheimer se teorie van offensiewe realisme, mekaar nie slegs komplementeer nie, maar ook die herlewing van die realisme as die oorheersende paradigma van die geopolitiek bevestig, wat 'n einde maak aan die oorheersing van die idealismeparadigma in die Weste tussen 1945 en 2024. In die volgende en laaste afdeling sal nou gepoog word om hierdie aansprake te staaf deur dit toe te pas op die wedywering tussen die drie teenswoordige groot moondhede, naamlik die VSA, China en Rusland. Eers word die wedywering tussen die VSA en Rusland bespreek, en daarna dié tussen die VSA en China.

## 5. Twee gevalle van huidige geopolitiese mimetiese wedywering

Naby die einde van die eerste afdeling is Mearsheimer aangehaal oor die kruin van vertroue in die idealismeparadigma in die VSA rondom die ineenstorting van die Sowjetunie in 1991 (2014a:25). Binne die toenmalig oorheersende idealismeparadigma het die destyds oorheersende groot moondheid, die VSA, gedink dit was in daardie stadium die enigste oorblywende geopolitiese model om na te boots, en dat dit slegs 'n kwessie van tyd sou wees voor sodanige nabootsing sou plaasvind met die omarming van die liberale demokrasie en die vryemark wêreldwyd – 'n oortuiging wat op berugte wyse saamgevat is in die Hegeliaan Francis Fukuyama (1991) se aankondiging dat die einde van die geskiedenis op ons is. Wat ons eerder gekry het, soos Girard gesien het, is die apokalips – of ten minste 'n apokaliptiese oomblik in die geskiedenis.

Ten einde beter te probeer verstaan waardeur die wêreld vanaf die einde van die 1990's tot op hede gaan, word voorgestel dat 'n vinnige omweg geneem word deur Emmanuel Todd se *La défaite de l'Occident*, asook 'n onderhoud (Todd 2025) wat hy op 14 Mei 2025 in die opvolg van die boek gegee het. Hier bo is reeds verwys na Todd se argument dat die huidige afgang van die Weste saamhang met die voortgaande ineenstorting van die Protestantse of Christelike kultuur wat aan die VSA, die Verenigde Koninkryk, Frankryk en Duitsland hul nasionale identiteite en energie verskaf het. Volgens Todd het hierdie lande nou state sonder nasies geword (2024:25–33).

In die Mei 2025-onderhoud werk hy hierdie ontleding by in die lig van die grootskaalse geopolitiese verskuiwings wat oënskynlik sedert Trump se inhuldiging in Januarie 2025 op dreef gekom het, en merk hy op dat die ineenstorting van die Christelike kulture van bogenoemde Westerse lande bygedra het tot 'n verlies aan geloof in die meerwaardigheid van die VSA en sy Europese bondgenote bo hul teenstanders. Indien ideologie vir groepskohesie in gemoderniseerde lande soos hierdie is wat religie vir groepskohesie in tradisionele samelewings is, dan kan in navolging van Girard se begrip van die offerkrisis aangevoer word dat dit lyk asof hierdie Westerse lande weens hul verlies aan nasionale identiteit sedert die 1990's, en selfs vroeër, nou 'n offerkrisis ervaar.

Girard se ontleding in *Violence and religion* van hoe ’n groep met ’n verbrokkelende identiteit, waar verskille begin vervaag en eenvormigheid oorneem, uiteindelik sigself herdifferensieer met die sondebokmeganisme deur die kollektiewe moord op ’n onskuldige slagoffer, word in *Achever Clausewitz* uitgebrei na geopolitiese wedywering. In dié boek beklemtoon hy egter dat die offerkrisis nie vandag meer deur ’n offer opgelos kan word nie: “Die offer werk nie meer nie sedert die Christendom die meganisme van eensgesindheid (*unanimité*) onthul het” (63; 23).

Maar sê nou dit wat vandag in eietydse postreligieuse Westerse lande gebeur, is ’n nabootsing van die offer en die sondebokmeganisme – veral in die geval waar die Amerikaansgeleide Weste tussen die 1990’s en 2024 met ’n strategie van wat Mearsheimer bal-aangee noem van Oekraïne ’n offerlam en van Rusland ’n sondebok gemaak het? Girard het immers vele geskiedkundige gevalle van sondebokmaking ná Christus behandel in sy boek *Le Bouc émissaire* (1982; in Engels vertaal as *The scapegoat*, 1989). Aangesien ’n moderne oorlog ontstaan tussen twee mimetiese mededingers, moet dit natuurlik opgemerk word dat Rusland in ’n eskalering tot die uiterstes sedert Poetin se verkiesing as president moes toekyk hoe die neokonserwatief oorheerste establishment van buitelandse beleid die VSA vir Rusland gemaak het tot ’n mededinger as hindernis. Dié stelling sal nou beredeneer word met verwysing na Mearsheimer se oorsig van hoe Rusland, en later die Sowjetunie, tradisioneel in die moderne geopolitiek opgetree het.

### *5.1 Mimetiese wedywering tussen Rusland en die (Amerikaansgeleide) Weste*

Ofskoon die oordaad van die idealismeparadigma stellig sedert die 1990’s tot onlangs die begrip van ’n *oop grens* so modieus gemaak het dat die idee dat ’n land oorlog sou maak of sy invloed sou inspan om sy grense te buffer, omstrede geword het, wys Mearsheimer daarop dat ’n groot moondheid wat daarna streef om ’n streekshegemoon te word, in die proses een of meer grensbufferstroke vestig. In die geval van die VSA het dit byvoorbeeld vorm aangeneem in die gedaante van die beroemde Monroeleer, wat oorspronklik in 1823 uitgespel is deur president James Monroe. Hiervolgens sou die VSA Europese lande nie toelaat om nuwe grondgebied in die Westerse Halfrond te bekom, of om bondgenootskappe met die onafhanklike state van die Westerse Halfrond te vorm of hulle op enige manier te beheer nie (2014a:247).

Rusland het tradisioneel ’n soortgelyke besorgdheid oor die kwesbaarheid van sy grense, wat tsaar Peter die Grote in die 18de eeu daartoe beweeg het om Rusland se grense te probeer beskerm met die skep van sogenaamde bufferstroke, oftewel gebiede aanliggend aan Rusland wat op een of ander wyse geneutraliseer of onder Russiese invloed gebring is. Poetin het so onlangs as Junie 2024 met die 350ste herdenking van die geboorte van dié tsaar eksplisiet na hierdie geskiedkundige voorbeeld met betrekking tot Rusland se inval van Oekraïne verwys.

Russiese nabootsing van Westerse lande in die moderniteit kan teruggespoor word na die regering van Peter die Grote. Voorbeelde van sodanige nabootsing tydens sy regering sluit in die vestiging van die eerste Russiese vlootbasis; die aanmoediging van privaat ondernemerskap; die ingebruikneming van die desimaalstelsel; die verskuiwing van die datum van Nuwejaar vanaf die gebruiklike Ortodokse 1 September na die sekulêre 1 Januarie; die vestiging van opvoedkundige of opleidingsinstansies vir sowel chirurgie as wiskunde, navigasie en ingenieurswese; asook hervormings aan die boekdrukkuns, die skryfstelsel en wetgewing – wat dikwels Europeërs as leiers van hierdie inisiatiewe betrek het. Miskien was die beroemdste voorbeeld van sy nabootsing van die Weste die oprigting en vestiging van Sint Petersburg in die weste van Rusland as die hoofstad, en sy verwysing daarna as ’n venster op die Weste.[16]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

Dit is reeds hier bo vermeld hoe die VSA ná die ineenstorting van die Sowjetunie sigself beskou het as die nuwe wêreldmodel om na te boots. Mearsheimer wys daarop dat Rusland ook kortstondig ’n soortgelyke fantasie ná die val van die tsaristiese regime en die revolusie van 1917 ervaar het, aangesien die triomfantelike Bolsjewieke klaarblyklik aanvanklik geglo het dat die internasionale politiek brute magspolitiek spoedig sou agterlaat omdat hulle van oordeel was dat die Kommunistiese Revolusie in Rusland kort voor lank deur Europa en die res van die wêreld sou versprei en eendersdenkende state tot stand sou bring wat uiteindelik as state sommer in die geheel sou verdwyn (2014a:191). Anders gestel, die Bolsjewieke het hulself ook destyds as nastrewenswaardige model vir die res van die wêreld beskou.

Die mimetiese nabootsing waarvan Trotski en Lenin gedroom het, is natuurlik nie verwesenlik nie, en soos Mearsheimer uitwys, was dit nie lank nie voor die Russiesgeleide Sowjetunie daarna begin streef het om ’n streekshegemoon te word, en uiteindelik ná die Tweede Wêreldoorlog die vernaamste mimetiese mededinger van die VSA in die bipolêre wêreldstelsel wat tot die ineenstorting van die Sowjetunie bestaan het:

> Die Sowjetunie was hoofsaaklik begaan oor gebiedsbeheer en die oorheersing van die ander state in Europa en Noordoos-Asië, synde die twee streke waar dit geleë is. Tot met 1945 was sy vernaamste mededingers in hierdie areas plaaslike groot moondhede. Ná 1945 was sy vernaamste teenstander in sowel Europa as Noordoos-Asië die Verenigde State waarmee dit verplig was om dwarsoor die wêreld mee te ding. (2014a:192)

Teen dié geskiedkundige agtergrond is dit geen verrassing nie dat mimetiese wedywering tussen Rusland en die Weste – en meer besonderlik die VSA – ná die ineenstorting van die Sowjetunie sou voortduur. Die hoofepisodes en -aspekte van dié hoofstuk in hierdie spesifieke geopolitiese mimetiese wedywering kan soos volg opgesom word:

i) Te midde van die kombinasie van die kruin van Amerikaanse selfvertroue en ’n geskiedkundige laagtepunt van Russiese selfvertroue vind ’n proses van radikale ekonomiese hervormings plaas onder Rusland se eerste post-Sowjet president, Boris Jeltsin, waarvan die doel was om die Amerikaanse vorm van die kapitalisme na te boots. Dit staan uiteindelik bekend as skokterapie en betrek die briljante jong, idealistiese Amerikaanse ekonoom Jeffrey Sachs. Ofskoon dit ongetwyfeld lei tot die vestiging van die kapitalisme in Rusland, gebeur dit teen die prys van ernstige sosio-ekonomiese destabilisasie – soos ’n fel kritikus van Poetin, Catherine Belton (2020) uitwys, was die Russiese ekonomie teen die einde van die 1990’s vir praktiese doeleindes deur ’n handjievol Russiese oligarge beheer.

ii) Die Franse skrywer Jean-François Colosimo (2022), ’n Ortodokse Christen en óók ’n fel kritikus van sowel Poetin as die huidige Ortodokse patriarg van die Patriargaat van Moskou en die Ganse Roes, Kiril, wys daarop dat slegs twee Russiese instellings die ineenstorting van die Sowjetunie in Rusland oorleef het, naamlik die KGB en die Ortodokse Kerk. Volgens Belton (95) was Poetin self nooit ’n oortuigde kommunis nie, maar was hy geheg aan die Russiese Ryk. Todd wys op sy beurt daarop dat die Russiese gesinstruktuur tradisioneel ’n outoritêre politieke stelsel begunstig, en vind dit glad nie verrassend dat Rusland ná die chaos van die 1990’s weer sou kies vir ’n outoritêre leier en stelsel, wat Todd beskryf as ’n outoritêre demokrasie, nie (47).

iii) Daar bestaan getuienis dat Poetin tussen 1998 en die jaarlikse München-veiligheidskonferensie van 2007 die Weste in ’n mate probeer naboots het – gedurende hierdie sowat 10 jaar het Rusland ’n markekonomie omarm, ’n betreklik liberale binnelandse beleid gevolg, en

goeie betrekkinge met Frankryk en Duitsland teen die VSA nagestreef. Die beroemdste voorbeeld van laasgenoemde was miskien toe Rusland kant gekies het vir Frankryk en Duitsland teen die VSA, met eersgenoemde drie se veroordeling van die Amerikaanse inval van Irak in 2003.

iv) Afgesien van die twyfelagtige ekonomiese instrument van sogenaamde skokterapie, was Navo nog ’n instrument wat die VSA gebruik het om sy mededinger, Rusland, te probeer inperk. Jeffrey Sachs (2025), John Mearsheimer (2014b) en Emmanuel Todd is waarskynlik die invloedrykste denkers wat almal daarop wys dat so ver terug as die 1997-publikasie van die neokonserwatiewe idealis Zbigniew Bzerzinski se boek *The grand chessboard: American primacy and its geostrategic imperatives*, ’n saak uitgemaak is daarvoor dat Navo ooswaarts moet uitbrei om lande in te sluit wat tradisioneel deel van die Russiese invloedsfeer vorm – insluitend Oekraïne. Dit is ’n strategie wat die VSA konsekwent gevolg het tot die herverkiesing van Trump in November 2024. Sachs, Mearsheimer en Todd wys ook daarop dat dié strategie versnel is ná die München-veiligheidskonferensie van 2007 toe Poetin die handskoen neergewerp het deur dit duidelik te maak dat Rusland nie gediend is met ’n unipolêre wêreldorde oorheers deur die VSA nie, maar aktief sal werk vir ’n multipolêre wêreldorde. Dit was vervolgens by die Navo-spitsberaad van April 2008 in Boekarest, Roemenië dat Navo verklaar het dat Georgië en Oekraïne Navo-lede sal word (Mearsheimer 2014b:3).

v) Teen 2014 het Oekraïne ’n sleutelland in die mimetiese wedywering tussen die VSA en Rusland geword. In wat lyk na ’n klassieke geval van wat Mearsheimer bal-aangee noem, het die VSA toenemend daarna gestreef om Oekraïne te gebruik om Rusland in te perk. Die omverwerping van die pro-Russiese Oekraïense regering was ongetwyfeld ’n sleuteloomblik in die eskalasie tot uiterstes tussen die VSA en Rusland. Dit is raadsaam om hier in gedagte te hou wat Girard oor dié eskalasie sê:

> Maar wat mense betref, indien niemand ooit voel dat hulle die aggressor is nie, is dit omdat alles altyd wederkerig is. En die geringste verskilletjie kan na die een of die ander kant toe ’n eskalasie tot uiterstes ontketen. *Die aggressor is altyd alreeds aangeval.* Waarom word die verhoudings van mededingendheid nooit as simmetries gesien nie? Omdat mense altyd onder die indruk verkeer dat die ander die eerste was om aan te val, dat dit nooit hulle is wat begin nie, ofskoon dit *altyd* op ’n sekere wyse hulle is.[17] (53, 18; sy beklemtoning)

Ons sien hierdie simmetrie en wedersydse gevoel van eerste aangeval te wees in die 2014-gebeure rakende die Maidan-plein in Kiëf. Uit die Amerikaansgeleide Westerse perspektief word na dié gebeure verwys as ’n demokratiese pro-Westerse revolusie; uit die Russiese perspektief word hierna verwys as ’n anti-Russiese staatsgreep.

Hierbenewens wys Todd (2024:96–106) daarop dat wat in Girardiaanse terme as Westerse en Oosterse mimetiese wedywering beskryf kan word, ook vanaf 2014 in Oekraïne self openlik uitgebars het – die tradisioneel weswaartsgerigte, hoofsaaklik Uniatiese[18] dele van Oekraïne wes van Kiëf het die omverwerping van die nuutverkose pro-Russiese regering verwelkom, terwyl die tradisioneel ooswaartsgerigte Russiessprekende en/of etniese Russiese, Ortodokse dele van Oekraïne dit verwerp het. Dit was die laaste maal dat Russiestaliges en/of etniese Russe in die ooste van Oekraïne in groot getalle aan ’n Oekraïense verkiesing deelgeneem het; honderde duisende van hulle het na Rusland geëmigreer; ’n Russiesgesteunde gewapende opstand teen die voortaan pro-Westerse Oekraïense regering hoofsaaklik bestaande uit Oekraïners uit die sentrale of westelike dele van die land het op dreef gekom, waarin 15 000

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

van die opstandelinge gedood is; en Poetin het die tradisioneel Russiese grondgebied van die Krim geannekseer.

vi) Todd (2024:355–66) betoog dat die verbrokkeling van Amerikaanse nasionale identiteit en ’n imperiale ideologie baie duidelik geword het in weersprekende tendense in Amerikaanse buitelandse beleid gedurende Trump se eerste presidentstermyn. Terwyl Trump byvoorbeeld op vriendskaplike voet met Poetin verkeer het, het hy terselfdertyd die lewering van Amerikaanse wapentuig soos Javelin-missiele aan Oekraïne goedgekeur – wat Trump natuurlik ook uitbasuin het tydens sy openbare uitval met president Wolodimir Zelenski in die Withuis gedurende Februarie vanjaar.

vii) Ná die verkiesing van die laaste groot en lewenslange eksponent van die idealisme-paradigma, Joe Biden, as Amerikaanse president in November 2020 het die eskalasie tot uiterstes tussen die VSA en Rusland oor Oekraïne dramaties versnel en tot uitbarsting gekom ná die mislukte spitsberaad tussen Biden en Poetin in Genève gedurende Julie 2021 en die VSA se verwerping van Russiese eise met betrekking tot Oekraïne, wat tot op hede min of meer dieselfde gebly het.[19]

Mearsheimer (2014b) het met verwysing na sy teorie van offensiewe realisme, en veral die begrip van bal-aangee, reeds in 2014 vir alle praktiese doeleindes die oorlog in Oekraïne voorspel en Oekraïne duidelik geïdentifiseer as ’n geval van wat Girard en Clausewitz die eskalering tot uiterstes noem. Mearsheimer se slotopmerkings in die betrokke artikel is steeds geloofwaardig:

> Die Verenigde State en sy Europese bondgenote staar nou ’n keuse oor Oekraïne in die gesig. Hulle kan hul huidige beleid voortsit, wat vyandelikhede met Rusland sal verskerp en Oekraïne in die proses sal verwoes – ’n scenario waarin almal as verloorders uit die stryd tree. Of hulle kan van rat verwissel en werk vir die skepping van ’n voorspoedige, dog neutrale Oekraïne, wat Rusland nie bedreig nie en die Weste toelaat om sy betrekkinge met Moskou te herstel. Met so ’n benadering sal almal as wenners uit die stryd tree. (14)

Sedert die oorlog op 24 Februarie 2022 uitgebreek het, is teen die agtergrond van wat ’n eietydse Westerse offerkrisis genoem is, Oekraïne in ’n geval van bal-aangee gemaak tot die offerlam van die Weste en Rusland die sondebok van die Weste – met Russiese sondebokmaking van die Weste wat ook nie uitgebly het nie, byvoorbeeld toe Poetin die Weste beskryf het as ’n “ryk van leuens” (Poetin 2022).

’n Laaste opmerking oor die mimetiese wedywering tussen die VSA en Rusland het betrekking op die interaksie tussen Trump en Poetin. Dit word dikwels aangevoer dat Trump Poetin bewonder. Hier kan aangevoer word dat Trump Poetin waarskynlik beskou as ’n sterk leier wat sy land vanaf agteruitgang na hernuwing gelei het,[20] wat ook Trump se oogmerk met sy “America First”-beleid is. Nog ’n element van Trump se bewondering van Poetin mag wees dat Poetin se Rusland ’n voorbeeld is van ’n land wat vernuwe is deur ’n openlike omarming van sy tradisionele hulpbronne, soortgelyk aan hoe Trump se sogenaamde “common sense revolution” vele eienskappe het van ’n gepoogde restourasie van die VSA deur na die land se tradisionele hulpbronne terug te keer. So ironies as wat dit mag wees, skyn laasgenoemde tans een van die belangrike aandrywers te wees van Amerikaanse pogings om die Oekraïense oorlog

te beëindig – afgesien natuurlik van die hoop dat ’n bondgenootskap met Rusland mag help om die VSA se vernaamste eietydse mededinger, China, te beperk.

Hierdie artikel word afgesluit deur vervolgens kortliks by dié wedywering stil te staan.

### *5.2 Mimetiese wedywering tussen die VSA en China*

Trump maak geen geheim daarvan dat hy China die stryd wil aansê nie. Sy pogings om ’n einde aan die Oekraïense oorlog te maak en die verhouding met Rusland te herstel kan waarskynlik ook verklaar word deur sy hoop om Amerikaanse hulpbronne wat tans in die Oekraïense oorlog aangewend word, eerder aan te wend om China die stryd aan te sê. Girard het Chinees-Amerikaanse wedywering reeds in 2007 in *Achever Clausewitz* voorsien:

> Dit is dus geen wonder nie dat in die era van globalisering, oftewel ’n era van die versnelling van oorloë, mimetisme sedert 1945 veld wen en die wêreld oorneem. Almal weet vandag dat die opkomende tweestryd tussen China en die Verenigde State byvoorbeeld niks te doen het met ’n “beskawingsbotsing” soos wat ons vertel word nie. Ons wil altyd verskille sien waar daar geen verskille is nie. Waaroor dit eintlik gaan, is ’n stryd tussen twee vorme van kapitalisme wat al hoe meer soortgelyk gaan word – behalwe dat die Chinese, wat ’n baie ou militêre kultuur het, al vir drie duisend jaar nadink oor hoe om die teenstander se krag teen hom te gebruik. Die Chinese is dus nie soseer aangetrokke tot die Westerse model nie as dat hulle dit naboots ten einde daaroor te triomfeer. Hulle beleid is dus miskien des te meer formidabel in soverre dit die mimetisme begryp en bemeester.[21] (90–1; 42)

Mearsheimer maak reeds in 2003 (2014a) ’n soortgelyke voorspelling wanneer hy voorspel dat indien China ’n ekonomiese mag word, dit sodanige mag ook na militêre mag sal omskakel en Noordoos-Asië sal probeer oorheers. Volgens Mearsheimer sal dit geen verskil maak of China demokraties of outokraties, verweef met of afsonderlik van die wêreldekonomie staan nie, omdat albei soorte state ewe veel vir veiligheid omgee – en hegemonie die beste manier is om dit te verseker. Uiteraard sal China se bure en die VSA nie bloot staan en toekyk nie, maar self probeer om China deur middel van ’n balanserende koalisie in te perk. Die uiteinde hiervan sal intense veiligheidswedywering tussen China en sy mededingers wees. Die gevaar van ’n grootmoondheidoorlog sal in die lug bly hang. China en die VSA is dus gedoem om mekaar se teenstanders te wees namate China se mag toeneem (4).

Afgesien daarvan om die VSA ekonomies na te boots,[22] beginnende met die liberalisering van die Chinese ekonomie nadat die VSA onder president Jimmy Carter die Volksrepubliek van China amptelik erken en hul destydse leier, Deng Xiaoping, op ’n staatsbesoek aan die VSA ontvang het, wys Mearsheimer op ’n ander aspek van Chinese nabootsing van die VSA, naamlik om met sy eie weergawe van die Monroeleer te poog om ’n streekshegemoon te word (2014a:371).

In die hersiene uitgawe van sy *The tragedy of great power politics* in 2014 voorspel Mearsheimer nóg ’n aspek van die eskalasie tot uiterstes wat nou gedurende Trump se tweede termyn vorm begin aanneem, spesifiek in die gedaante van Trump se gebruik van tariewe teen China.

Mearsheimer skryf (2014a:386):

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

> Om Chinese ekonomiese groei te vertraag is gewis ’n aantrekliker opsie as ’n kern-oorlog, maar ook dit is nie haalbaar nie. Die vernaamste probleem is dat daar geen praktiese manier is om die Chinese ekonomie te strem sonder om ook die Amerikaanse ekonomie te skaad nie.

Martin Jacques het reeds in 2009 in sy boek *When China rules the world* aangevoer dat China met verwysing na sy tradisionele naam, te wete die Middelkoninkryk, poog om ekonomiese groei in te span as uitdrukking van sy kultuurpolitiese ambisie om weer die sentrum van die wêreld te word – wat op sy beurt hier aangevoer word China se nasionalisme en optrede as beskawingstaat kan verklaar. Hier bo is reeds verwys na hoe Trump ook geneig is om die VSA as beskawingstaat met ’n eie kulturele en godsdienstige tradisie te sien, wat dan uitdrukking vind in ’n gespierde Amerikaanse nasionalisme. Mearsheimer verwys ook in 2014 na nasionalisme, en voorspel korrek dat "[it] is likely to play a role in energizing the rivalry between China and the United States" (400). Mearsheimer maak voorts ’n stelling oor China wat nou nie slegs geregverdig skyn te wees nie, maar ook van toepassing skyn te wees op die VSA onder Trump met betrekking tot China. Mearsheimer het dit oor wat hy hipernasionalisme noem – en dit klink na iets wat Girard self sou kon geskryf het. Weer eens word die langerige aanhaling volledig gegee om die ooreenkoms met Girard se denke oor die saak by die leser tuis te bring:

> Soms gaan nasies verder as om meerderwaardig teenoor ander nasies te voel en eindig daarby om hulle ook te verafsku. Ek noem hierdie verskynsel "hipernasionalisme", oftewel die oortuiging dat ander nasies nie slegs minderwaardig nie maar ook gevaarlik is, en dat hardhandig indien nie brutaal nie met hulle gehandel moet word. In sulke omstandighede deurtrek minagting vir en haat van die "ander" die nasie en skep dit kragtige insentiewe om geweld te gebruik om die bedreiging uit te skakel. Hipernasionalisme kan met ander woorde ’n kragtige bron van oorlog wees. Een van die vername oorsake van hiper-nasionalisme is intense veiligheidswedywering, wat geneig is om daartoe te lei dat mense in die betrokke nasiestate mekaar demoniseer. (2014a:400)

Dit is niks anders as wat Girard reeds in sy eerste boek in 1961 in onderskeid van patriotisme omskryf het as chauvinisme nie, met verwysing na Marcel Proust oor Duitsland en Frankryk op die vooraand van die Eerste Wêreldoorlog:

> Patriotisme het betrekking op eksterne bemiddeling, terwyl chauvinisme betrekking het op interne bemiddeling. Patriotisme is reeds liefde vir die self, maar dit is steeds ’n opregte kultus van helde en heiliges. Die vurigheid daarvan hang nie af van wedywering met ander lande nie. Chauvinisme, daarenteen, is die vrug van sodanige wedywering. Dit is ’n negatiewe sentiment gebaseer op haat, oftewel op die geheime bewondering van die Ander.[23] (202; 204–5)

Mearsheimer sluit af met ’n bra pessimistiese uitkyk op die wedywering tussen China en die VSA teen die agtergrond van wat hy hipernasionalisme en Girard chauvinisme noem:

> Die verskerpte veiligheidswedywering wat voorlê, sal gewoon China se vyandigheid jeens Japan en die Verenigde State verhoog, en dit sal waarskynlik omslaan in ’n akute geval van hipernasionalisme. Natuurlik sal hierdie verwikkeling op sy beurt veiligheids-wedywering verskerp en die moontlikheid van oorlog verhoog. (2014a:403)

’n Laaste opmerking wat hier bygevoeg moet word, het betrekking op wat net soos in die geval van die individue Trump en Poetin ook betrekking het op die individue Trump en (sy amps-genoot) Xi van China. Dit betrek ’n soort mimetiese driehoek tussen die VSA, Japan en China[24]

waaroor die geskiedkundige Andrew Liu (2025) ’n insiggewende opstel gepubliseer het. In wese betoog Liu dat Trump se fiksasie op tariewe teruggespoor moet word na sy vroeë vorming in die 1980’s, toe die VSA ’n beduidende handelstekort met Japan gehad het, en dat Trump sedertdien sy destydse siening van Japan oorgedra het op China soos wat laasgenoemde op sy beurt die VSA se voorste ekonomiese en politieke mededinger geword het.

In dieselfde artikel beskryf Liu Xi eksplisiet as “Trump’s counterpart in nationalist escalation” wat op sy beurt ook aanvanklik die VSA bewonder het en ’n beslissende rol daarin gespeel het om Amerikaanse maatskappye soos FedEx, Citibank en McDonald’s te help om hulself in China te vestig. Xi is op sy beurt geïnspireer deur die Japannese ekonomiese-sukses-model gebou op uitvoer na die VSA, maar sy weerstand daarteen om minder na die VSA uit te voer is eweneens gebaseer op wat hy gesien het met die Japannese ekonomie gebeur het toe dit geswig het voor Amerikaanse druk in die laat 1980’s om sy uitvoere te verminder en sy binnelandse mark te probeer vergroot.

Kortom, die redding wat tariewe vir Trump verteenwoordig, word omgekeerd deur Xi as ekonomiese ondergang gesien, wat hulle dan ook in dié sin simmetriese mimetiese mededingers maak.

## 6. Ten slotte

In die inleiding tot hierdie artikel is aangevoer dat die realismeparadigma ’n terugkeer in die eietydse geopolitiek ten koste van idealismeparadigma maak. In die artikel is die werk van John Mearsheimer, René Girard en Emmanuel Todd gebruik om hierdie stelling te staaf, asook om groter insig in die oorsake en aard van mimetiese wedywering tussen, onderskeidelik, die VSA en Rusland, en die VSA en China te verwerf.

Vyf bevindings is gemaak.

Eerstens help die aangehaalde werk van Mearsheimer, Girard en Todd ons om die afgang van die idealismeparadigma en die terugkeer van die realismeparadigma in die eietydse geopolitiek te verklaar – veral teen die agtergrond van president Donald Trump se tweede ampstermyn en sy bra openlike beoefening van die realisme. Tweedens is Mearsheimer en Girard se onderskeie begrippe van interstaatlike wedywering wedersyds aanvullend. Derdens, en in die verlenging van laasgenoemde, hang Mearsheimer se begrip van die veiligheidsdilemma ten nouste saam met Girard se begrip van die eskalasie tot uiterstes. Vierdens dien die Amerikaansgeleide Westerse benadering tot Oekraïne as voorbeeld van Mearsheimer se “buck-passing”, sodat Oekraïne – in die taal van Girard – tot “offerlam” en Rusland tot “sondebok” van die Weste gemaak word. Vyfdens en laastens word bespiegel dat die spanning tussen die VSA en Rusland, asook tussen die VSA en China gaan bly styg – hierin gaan Girard se “chauvinisme” en Mearsheimer se “hipernasionalisme” ’n beslissende faktor wees.

In die nadraai van die einde van die Koue Oorlog is daar dikwels deur aanhangers van die idealismeparadigma gewag gemaak van ’n sogenaamde vredesdividend. Hiervolgens sou die wêreldwye verspreiding van die liberale demokrasie en die vrye mark bloot ’n kwessie van tyd wees, ’n era van ongekende ekonomiese welvaart op hande wees, en oorlog en geopolitiese spanning grootliks iets van die verlede wees. Wat hier bo met verwysing na die wedersyds aanvullende sienings van John Mearsheimer en René Girard aangevoer is, is dat die wêreld eerder

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

’n ánder soort era betree het, naamlik van ’n geopolitiek deurspek van aansteeklike mimetiese wedywering, wat die bedreiging wat ’n al hoe meer apokaliptiese tyd inhou, skyn te bevestig.

**Bibliografie**

Belton, C. 2020. *Putin’s people: How the KGB took back Russia and then took on the West*. Londen: William Collins.

Bzerzinski, Z. 1997. *The grand chessboard: American primacy and its geostrategic imperatives*. New York: Basic Books.

Coker, C. 2019. *The rise of the civilizational state*. Londen: Polity Press.

Colosimo, J.-F. 2022. Invasion en Ukraine: les Églises orthodoxes dans la guerre. France culture. https://www.radiofrance.fr/franceculture/podcasts/l-invite-e-des-matins/invasion-en-ukraine-les-eglises-orthodoxes-dans-la-guerre-avec-jean-francois-colosimo-et-marc-pierini-6526047 (25 Maart 2022; 20 November 2025 geraadpleeg).

Fukuyama, F. 2006 [1991]. *The end of history and the last man*. New York: Free Press.

Girard, R. 1965. *Deceit, desire and the novel: self and other in literary structure*. Uit die Frans vertaal deur Y. Freccero. Baltimore, MD: Johns Hopkins University Press.

—. 1972. *La violence et le sacré*. Parys: Grasset.

—. 1979. *Violence and the sacred*. Uit die Frans vertaal deur Y. Freccero. Baltimore, MD: Johns Hopkins University Press.

—. 1982. *Le Bouc émissaire*. Parys: Grasset.

—. 1989. *The scapegoat*. Uit die Frans vertaal deur Y. Freccero. Baltimore, MD: Johns Hopkins University Press.

—. 2007 [1961]. *Mensonge romantique et vérité romanesque*. In ’n versamelbundel van sy werk, *De la violence à la divinité*. Parys: Grasset.

Girard, R. met B. Chantre. 2010. *Battling to the end*. Uit die Frans vertaal deur M. Baker. East Lansing, MI: Michigan State University Press.

—. 2011 [2007]. *Achever Clausewitz*. Parys: Flammarion.

Jacques, M. 2012 [2009]. *When China rules the world: the end of the Western world and the birth of a new world order*. Londen: Penguin.

Kant, I. 2003 [1795]. *To perpetual peace: a philosophical sketch*. Uit die Duits vertaal deur T. Humphrey. Indianapolis, IN: Hackett Publishing Company.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

Liu, A. 2025. Bring me my tariffs: How Trump's China plan was 40 years in the making. *The Guardian*, 10 Februarie. https://www.theguardian.com/news/2025/feb/06/bring-me-my-tariffs-how-trumps-china-plan-was-40-years-in-the-making (20 November 2025 geraadpleeg).

Machiavelli, N. 2006 [1513]. *Die prins*. Uit die Italiaans vertaal en uitgegee deur D. du Toit. Kaapstad.

Manent, P. 2025. La construction européenne a cru vivre selon la justice en oubliant la force. *Le Figaro*, 3 Maart.

Mearsheimer, J.J. 2014a. *The tragedy of great power politics*. New York: WW Norton & Company.

—. 2014b. Why the Ukraine crisis is the West's fault. *Foreign Affairs*, September/Oktober, ble. 1–12.

Poetin, W. 2022. Address by the President of the Russian Federation. 24 Februarie. http://en.kremlin.ru/events/president/news/67843 (20 November 2025 geraadpleeg).

Rossouw, J. 2024. Die ontbinding van die Weste – 'n oorsig oor Emmanuel Todd se *La défaite de l'Occident*. LitNet, 21 Junie. https://www.litnet.co.za/die-johann-rossouw-gespreksreeks-die-ontbinding-van-die-weste-n-oorsig-oor-emmanuel-todd-se-la-defaite-de-loccident (20 November 2025 geraadpleeg).

Sachs, J. 2025. "Europe needs an independent foreign policy": Professor Jeffrey Sachs at European Parliament. https://youtu.be/u4c-YRPXDoM?si=LaEhGWdA-YfLGB9Q (20 November 2025 geraadpleeg).

Teurtrie. D. 2021. *Russie. Le retour de la puissance*. Malakoff: Armand Colin.

Todd, E. 2024. *La défaite de l'Occident*. Parys: Gallimard.

—. 2025. Apocalypse now: Des États-Unis à l'Europe, 14 Mei. https://www.youtube.com/watch?v=YfgPhZy6JVY (20 November 2025 geraadpleeg).

Wikipedia. S.j. Peter the Great. https://en.wikipedia.org/wiki/Peter_the_Great (20 November 2025 geraadpleeg).

## Eindnotas

[1] Ofskoon die woord of term *geopolitiek* na verskillende sake kan verwys, word dit in hierdie artikel bloot gebruik met verwysing na die verband tussen groot moondhede soos die VSA, China en Rusland se geografiese ligging, grootte en demografie, en hul onderlinge verhoudinge en wedywering.

[2] Kyk byvoorbeeld na Christopher Coker, *The rise of the civilizational state* (2019).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

[3] In die oorspronklike Frans "une révolte de la nation américaine contre l'empire américain" – Pierre Manent in *Le Figaro*, 3 Maart 2025.

[4] Bykans 'n ewe invloedryke paradigma in die eietydse herlewing van die realisme is die sogenaamde defensiewe realisme, waarvan Kenneth Waltz (1924–2013) die vernaamste eksponent is. Terwyl state volgens Mearsheimer se offensiewe realisme aktief daarna streef om hul mag en invloed uit te brei, streef state volgens Waltz se defensiewe realisme eerder daarna om hul veiligheid eerste te stel en gevolglik meer gematigde buitelandse en verdedigingsbeleide na te streef as wat die geval volgens die offensiewe realisme is. Daar kan sekerlik 'n saak voor uitgemaak word dat die bywerking van Waltz se teorie moontlik nog meer lig kan werp op die eietydse geopolitiese wedywering wat in hierdie artikel aan bod kom, maar dit word nie in hierdie artikel verder bespreek nie, aangesien die element van offensiewe optrede deur state wat deur sowel Mearsheimer as Girard beklemtoon word, juis dit is wat stof tot vergelyking tussen hierdie twee denkers se werk bied.

[5] Die vertaling van aanhalings, asook parafraserings uit Engelse bronne, is deur my.

[6] Dit is interessant om daarop te let dat die opkoms van die neoliberalisme, oftewel die siening dat die mark die finale arbiter van alle waarde moet wees, ook vanaf die presidentskap van Bill Clinton na vore begin tree. Dit is nie vergesog om dit te stel dat die neoliberalisme as 'n soort blinde geloof in die verlossende krag van die mark bykomende stukrag aan die idealisme-paradigma in Amerikaanse buitelandse beleid vanaf Clinton se twee ampstermyne verleen het nie.

[7] Kyk Rossouw (2024) vir 'n uitvoerige opsomming van die boek.

[8] Dit is hoe ek voorstel Mearsheimer se term *buck-passing* in Afrikaans vertaal moet word. Die letterlike betekenis van *buck-passing* word in Afrikaans gegee as om verantwoordelikheid te ontduik, maar dit is nie heeltemal wat Mearsheimer bedoel nie. Die meeste Afrikaanstaliges weet stellig, danksy die gewildheid van rugby, wat dit beteken om die bal aan te gee as metafoor daarvan om iemand of 'n ander instansie te gebruik om jou vuil werk te doen. Ons sal byvoorbeeld sê dat pleks daarvan om 'n moeilike vraag van 'n joernalis op 'n mediakonferensie te beantwoord, die minister die bal vir sy woordvoerder aangegee het. Dit is natuurlik altyd moontlik dat 'n beter Afrikaanse term geskep kan word, maar ná gesprekke met ander Afrikaanse kenners van die werk van Mearsheimer is *bal-aangee* vir eers die beste waarmee ek vorendag kon kom.

[9] Cette loi des rapports humains a été reformulée dans un bureau de l'École militaire de Berlin, quelques années après la chute de Napoleon: il s'agit de la "montée aux extrêmes", cette incapacité de la politique à contenir l'accroisement réciproque, c'est-à-dire mimétique, de la violence.

Aanhalings van Girard is deur my uit die Frans vertaal. Bladsyverwysings is telkens na, eerstens, die Franse teks en, tweedens, die Engelse vertaling.

[10] Ce traité posthume, *De la guerre*, se présente comme un ouvrage de stratégie. Il accompagne la période la plus récente de la montée aux extrêmes, qui s'est faite et se fait toujours à l'insu des acteurs, qui a détruit l'Europe et menace aujourd'hui le monde.

[11] B.C.: Ne peut-on pas dire alors que si la politique court derrière la guerre, il nous faut penser l'action réciproque *à la fois comme ce qui provoque cette montée au extrêmes et ce qui la diffère*? Le principe mimétique, cette imitation du modèle qui devient imitateur à son tour et entraîne un conflit redoublé des deux rivaux, cette action réciproque que vous appelez

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2026/j23n1b2

"médiation double" dans vos livres, n'est-elle pas ici définie comme le moteur autonome de l'histoire?

R.G.: Vous avez raison d'identifier action réciproque et principe mimétique. Ce ressort de l'imitation violente *qui fait se ressembler de plus en plus les adversaires*, est ce qu'on trouve à la racine de tous les mythes, de toutes les cultures. Ce serait donc ce principe que Clausewitz aurait vu réapparaître. Les conclusions d'une telle remarques sont énormes.

[12] La théorie mimétique contredit la thèse de l'autonomie. Elle tend à relativiser la possibilité même de l'introspection: descendre en soi, c'est toujours trouver l'autre, le médiateur, celui qui oriente mes désirs sans que j'en sois conscient. Alors, quand il s'agit des automatismes et des interactions armées opposés, de tels outils fonctionnent bien! On a parlé, à propos de la "guerre totale" et des régimes totalitaires du XX$^{e}$ siècle, d'une "militarisation de la vie civile": cette réalité est terrible et prouve qu'il s'est bien passé quelque chose de très nouveau. Les guerres napoléoniennes sont le soubresaut qui a provoqué cette mutation des sociétés européennes. Je pense même que cette militarisation est l'un des facteurs de l'indifférenciation en cours d'achèvement, une fois que la page des conflits réglés et codifiés a été tournée.

[13] Je définis ainsi la réciprocité comme la somme des moments non réciproques: elle ne peut donc être apperçue que par un regard extérieur au conflit, puisque *de l'intérieur vous devez toujours croire à votre différence* et répondre de plus en plus vite et de plus en plus fort. À ce regard extérieur, les adversaires apparaissent alors pour ce qu'ils sont: de simples doubles. C'est cela l'adéquation de la guerre à son concept, *l'unité réalisée entre l'alternance et la réciprocité*: une oscillation accélérée des différences, un passage à l'abstraction, en quelque sorte.

[14] L'action réciproque peut donc être à la fois source d'indifférenciation et créatrice de différences, fauteur de guerre et facteur de paix. Si elle *provoque et accélère* la montée aux extrêmes, les "frictions" propres au temps et à l'espace disparaissent, et cela ressemble étrangement à ce que j'appelle "crise sacrificielle", dans mon approche des sociétés archaïques. Si, au contraire, l'action réciproque *diffère* la montée aux extrêmes, elle vise à produire du sens, des différences nouvelles. Mais tout se passe, encore une fois, pour des raisons que j'ai maintes fois tenté d'élucider dans mes livres, comme si c'était l'imitation violente qui l'emportait aujourd'hui: non plus celle qui ralentit, freine le cours des choses, mais bien celle qui l'accélère.

[15] Les guerres idéologiques ont moins de force aujourd'hui, car on ne cherche plus vraiment à justifier la violence: elles n'auront été qu'une étape, encore une fois, dans l'apparition d'un principe planétaire de réciprocité. C'est dans cette totale imprévisibilité de la violence qu'on peut constater ce que j'appelle la fin de la guerre, et qui est l'autre nom de l'apocalypse. Nous sommes bien loin de la "fin de l'histoire" annoncée par Fukuyama, ce dernier rejeton de l'optimisme hégélien.

[16] Vir hierdie lys voorbeelde steun ek op die Wikipedia-inskrywing oor Peter die Grote, wat op sy beurt heelwat Engelse en Russiese bronne vir hierdie lys verskaf.

[17] Mais avec les hommes, si personne na n'a jamais le sentiment d'agresser, c'est que tout est toujours dans la réciprocité. Et la moindre petite différence, dans un sens ou dans un autre, peut provoquer une montée aux extrêmes. *L'agresseur a toujours déjà été agressé*. Pourquoi les rapports de rivalité ne sont-ils jamais perçus comme symétriques? Parce que les gens ont toujours l'impression que l'autre est le premier à attaquer, que ce n'est jamais eux qui ont commencé, alors que, d'une certaine manière, c'est *toujours* eux.

[18] Dié term, waarvoor die sinoniem *Grieks-Katoliek* ook soms gebruik word, verwys na die geloof van gelowiges in die weste van Oekraïne wat sedert 1596 verskuif het vanaf die jurisdiksie van die Ortodoksie Ekumeniese Patriarg van Konstantinopel na dié van die Heilige Stoel. Hulle staan dus onder die gesag van die pous, maar handhaaf die liturgiese gebruike van die Ortodokse Kerk.

[19] Dat Oekraïne nie ’n Navo-lidland word nie; dat Oekraïne neutrale status handhaaf; dat Oekraïne slegs ’n klein weermag het; dat die Krim sowel as Russiestalige en/of etniese Russiese oostelike streke van Oekraïne as deel van Rusland erken word.

[20] Todd (2024) en Teurtrie (2022) bied ruim getuienis van hierdie hernuwing.

[21] Pas étonnant, donc, qu’à l’heure de la mondialisation, c’est-à-dire d’une accélération des guerres, le mimétisme ait, depuis 1945, gagné du terrain et se soit emparé de la planète: tout le monde sait aujourd’hui que la lutte qui s’annonce entre la Chine et les États-Unis, par exemple, n’a rien d’un “choc des civilisations”, comme on voudrait nous le faire croire. Car on veut toujours voir des différences là où il n’y en a pas. Il s’agit en fait d’une lutte entre deux capitalismes qui vont se ressembler de plus en plus. À la différence près que les Chinois, qui ont une vieille culture militaire, ont théorisé depuis trois mille ans le fait qu’il faut utiliser la force de l’adversaire pour mieux la retourner. Les Chinois subissent donc moins l’attraction du modèle occidental, qu’ils ne l’imitent pour triompher de lui. Leur politique est peut-être d’autant plus redoutable, qu’elle connaît et maîtrise le mimétisme.

[22] Ander aspekte van die mimetiese wedywering tussen die VSA en China wat hier vermeld kan word, sluit in wedywering op die gebiede van tegnologie, veral op terreine soos intelligensie-simulasie (algemener bekend as “kunsmatige intelligensie”) en groen energie. Sedert die aanvang van Trump se tweede ampstermyn was sanksies wat die twee lande teen mekaar ingestel het, ook ’n aspek van die eskalasie tot die uiterstes tussen die twee lande.

[23] Le patriotisme relève de la médiation externe et le chauvinisme de la médiation interne. Le patriotisme est déjà amour de soi mais il est encore culte sincère des héros et des saints. Sa ferveur ne dépend pas d’une rivalité avec les autres patries. Le chauvinisme, par contre, est le fruit d’une telle rivalité. C’est un sentiment négatif qui se fonde sur la haine, c’est-à-dire sur l’adoration secrète de l’*Autre*.

[24] Nog ’n aspek van die mimetiese driehoek tussen die drie lande wat volledigheidshalwe, dog nie in te veel besonderhede nie, hier behandel word, aangesien die klem in hierdie artikel val op die mimetiese wedywering tussen, onderskeidelik, die VSA en Rusland en die VSA en China. China en Rusland se toenemend gespanne verhouding met die VSA het dié twee groot moondhede toenemend nader aan mekaar laat beweeg, bygevolg tree hulle toenemend op as ’n soort dubbelmededinger van die VSA – die twee lande ondersteun mekaar in standpuntinnames teen die VSA, asook in die oorlog met Oekraïne. Soos die VSA en bondgenote graag gesamentlike militêre oefeninge in strategies sensitiewe gebiede soos die Stille Oseaan of die Suid-Chinese See doen, so doen China en Rusland graag gesamentlike militêre oefeninge en patrollies in strategies sensitiewe gebiede soos Groenland en die Noordpoolsirkel. Hierbenewens kan ook gewys word op hoe die VSA en sy bondgenote meeding met China en Rusland om leierskap in internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies (VN), waar mosies wat onder leiding van die VSA ingedien word, soms deur China en/of Rusland in die VN-Veiligheidsraad geveto word, en omgekeerd.